

Maandag 13 November

Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32

Fokusgedeelte: Matteus 21:31-32 (1933/53-vertaling); HK Sondag 31:84, 85
Ja-sêer-niksdoener; nee-sêer-tógdoener; ja-sêer-jadoener?

Matt. 21:28-32 is 'n koninkryksgelykenis. Koning Jesus se onderdane behoort gehoorsaam sy opdragte in sy koninkryk te verrig. Oënskynlik is die verhaal van die gelykenis duidelik: die eerste seun weier botweg om te ge-hoorsaam. Daarop gaan die pa na die tweede seun, wat dadelik inwillig, maar nie gehoorsaam is nie. Die eerste seun kry egter berou, en word tóg gehoor-saam. Vir watter een van die seuns is die koninkryk oopgesluit – vir die *nee-sêer-tógdoener*, nie waar nie?

In die paragraaf vóór die gelykenis probeer die owerpriesters en ouderlinge vir Jesus 'n strikvraag te stel. Hulle bevraagteken Jesus se gesag. Eintlik wil hulle nie erken dat Jesus die Seun van God, die Gesalfde is wat al ons sondes kom betaal nie. Jesus vra 'n teenvraag: “Die doop van Johannes, waar kom dit vandaan ...?” Dis die doop met belydenis van sondes. Johannes het ook gesê: “Dra dan vrugte wat by die bekering pas” (Matt. 3:6, 8). Hierdie sogenaamde kerkmense (owerpriesters) het vir die Woord van die Here “Ja!” gesê, maar vir *die vrugte dra wat by die bekering pas* “Nee!” gesê. Hulle aanvaar die Woord dat die Christus sou kom, maar wanneer Hy gekom het, wil hulle nie sy gesag aanvaar nie. Matteus. 21:32(a) sê: “Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, (maar) julle het hom nie geglo nie ...” Hulle dra die naam “gelowige”, maar gedra hulle “ongelowig” (HK 31:85). Hulle is *ja-sêer-niksdoeners!*

Sondag 31 praat ook van hierdie twee soorte kerkmense – die *nee-sêer-tógdoeners* en die *ja-sêer-niksdoeners*. Die Koninkryk word deur die verkondiging van die evangelie dat ons sondes ter wille van die verdienste van Christus vergewe is, oopgesluit “so dikwels as wat hulle dié belofte met 'n ware geloof aanneem” (HK 31:84). Die tweede sleutel is die Christelike tug wat deur die evangelie mense tot bekering roep. Vir die bekeerde sondaar word die Koninkryk ook oopgesluit “wanneer hulle werklike verbetering beloop en bewys” (HK 31:85). Die gelykenis sluit hierby aan: “Jesus sê vir (die ower-priesters): Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God. Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie” (Matt. 21:31b, 32).

Hiervolgens is die owerpriesters die *ja-sêer-niksdoeners*, en die bekeerde tollenaars en hoere die *nee-sêer-tógdoeners*. Vir die eerste groep sogenaamde kerkmense word die koninkryk van God toege-sluit. Hulle wil graag bekend staan as God se kinders, maar hulle is ongehoorsaam. Vir die tweede groep bekeerde sondaars word die koninkryk oopgesluit. Hulle het die belofte van sondevergifnis geglo, tot bekering gekom en werklike verbetering bewys.

Jy, broeder en suster, is mos 'n *ja-sê-en-jadoener*. Want jy het “Ja” gesê toe jy belydenis van geloof afgelê het, én jy bekeer jou mos elke dag deur die krag van die Heilige Gees!

Sing: Skrifberyming 43 (15-7):4, 5, 6

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)